# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c — Wednesday 9 October 1985 — WINDHOEK — Woensdag 9 Oktober 1985 — No. 5110


CONTENTS:


| | | Page |
|---|---|---|
| GOVERNMENT NOTICE: | | |
| No. 89 | Promulgation of Road Traffic Amendment Act, 1985 (Act 17 of 1985), of the National Assembly | 1 |


INHOUD:


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| GOEWERMENTSKENNISGEWING: | | |
| No. 89 | Afkondiging van Wysigingswet op Padverkeer, 1985 (Wet 17 van 1985), van die Nasionale Vergadering | 1 |


## Government Notice

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL AFFAIRS

No. 89 — 1985

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly and signed by the Administrator-General in terms of the South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Proclamation, 1985 (Proclamation R101 of 1985), is hereby published in terms of section 18 of that Proclamation:—

No. 17 of 1985: Road Traffic Amendment Act, 1985

## Goewermentskennisgewing

DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

No. 89 — 1985

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1985 (Proklamasie R.101 van 1985), deur die Nasionale Vergadering aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 18 van daardie Proklamasie:—

No. 17 van 1985: Wysigingswet op Padverkeer, 1985

*(English text signed by the Administrator-General on 20 September 1985)*

# ACT

**To amend the Road Traffic Ordinance, 1967, so as to make provision for the appointment of traffic wardens; to make other provision regarding the fixing of the date on which a driver's licence which is not contained in an identity document shall cease to be a valid driver's licence; to grant the power to issue driver's licences for certain purposes also to the South West African Police; and to increase the general speed limit on a public road outside an urban area; and to provide for incidental matters.**

BE IT ENACTED by the National Assembly, as follows:-

Amendment of section 3 of Ordinance 30 of 1967, as substituted by section 3 of Ordinance 18 of 1971 and amended by section 2 of Ordinance 2 of 1978.

1. Section 3 of the Road Traffic Ordinance, 1967 (hereinafter referred to as the Ordinance), is hereby amended -

(a) by the insertion in subsection (1) after paragraph (a) of the following paragraph:

"(a)*bis* the Cabinet may, subject to the provisions of the Government Service Act, 1980 (Act 2 of 1980), appoint persons as traffic wardens to exercise or perform such powers and duties of a traffic officer as the Cabinet may determine;"; and

(b) by the addition to subsection (1) of the following paragraph:

"(c) any local authority may, subject to the approval of the Cabinet and subject to the provisions of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), the Village Management Boards Ordinance, 1963 (Ordinance 14 of 1963), or the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970), as the case may be, with due regard further to the provisions of the staff regulations of such local authority, appoint persons as traffic wardens to exercise or perform such powers and duties of a traffic officer as the Cabinet may determine: Provided that the Cabinet may -

*(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 20 September 1985)*

# WET

**Tot wysiging van die Ordonnansie op Padverkeer, 1967, ten einde voorsiening te maak vir die aanstel van verkeersopsigters; ander voorsiening te maak betreffende die bepaling van die datum waarop 'n bestuurderslisensie wat nie in 'n identiteitsdokument vervat is nie, ophou om 'n geldige bestuurderslisensie te wees; die bevoegdheid om bestuurderslisensies vir sekere doeleindes uit te reik ook aan die Suidwes-Afrikaanse Polisie te verleen; en die algemene snelheidsgrens op 'n openbare pad buite 'n stedelike gebied te verhoog; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering, soos volg:-

Wysiging van artikel 3 van Ordonnansie 30 van 1967, soos vervang deur artikel 3 van Ordonnansie 18 van 1971 en gewysig deur artikel 2 van Ordonnansie 2 van 1978.

1. Artikel 3 van die Ordonnansie op Padverkeer 1967 (hieronder die Ordonnansie genoem), word hierby gewysig -

(a) deur in subartikel (1) na paragraaf (a) die volgende paragraaf in te voeg:

"(a)*bis* kan die Kabinet, behoudens die bepalings van die Regeringsdienswet, 1980 (Wet 2 van 1980), persone as verkeersopsigters aanstel om die bevoegdhede en pligte van 'n verkeersbeampte wat die Kabinet bepaal, uit te oefen of te verrig;"; en

(b) deur die volgende paragraaf by subartikel (1) te voeg:

"(c) kan 'n plaaslike bestuur onderworpe aan die goedkeuring van die Kabinet en behoudens die bepalings van die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), die Ordonnansie op Dorpsbesture, 1963 (Ordonnansie 14 van 1963), of die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970), na gelang van die geval, met inagneming verder van die bepalings van die personeelregulasies van sodanige plaaslike bestuur, persone as verkeersopsigters aanstel om die bevoegdhede en pligte van 'n verkeersbeampte wat die Kabinet bepaal, uit te oefen of te verrig: Met dien verstande dat die Kabinet-

(i) make different determinations in respect of different classes of traffic wardens; and

(ii) either generally or specifically, impose conditions with regard to the exercise or performance of such powers and duties.".

Amendment of section 59A of Ordinance 30 of 1967, as inserted by section 6 of Ordinance 16 of 1972.

2. (1) Section 59A of the Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of subsection (1) of the following paragraph:

"(a) with effect from the first day of August, 1972 (in this section referred to as the first date) shall or may be contained in an identity document and is not so contained, shall cease to be a valid driver's licence with effect from such date as the Cabinet may fix by notice in the *Official Gazette* (in this section referred to as the second date); and".

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 July 1982.

Substitution of section 69 of Ordinance 30 of 1967, as amended by section 5 of Ordinance 2 of 1978.

3. The following section is hereby substituted for section 69 of the Ordinance:

"Power of South African Transport Services and South West African Police to issue a licence authorizing the driving of a motor vehicle.

69. (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Chapter, any person who is in the service of the Government of the Republic of South Africa as an employee of the South African Transport Services and any member of the South West African Police may, if he is not disqualified in terms of section 61 from obtaining or holding a learner's or driver's licence and subject to the provisions of subsection (2), be issued by the relevant authority of which he is such an employee or member, with a licence authorizing the driving of a motor vehicle in such form and subject to such conditions as the Cabinet may approve.

(2) Any licence issued in terms of subsection (1) shall only entitle the holder thereof to drive a motor vehicle owned or hired by the authority concerned by which such licence was issued whilst he is engaged in the execution of his duties on behalf of that authority.".

(i) verskillende bepalings ten opsigte van verskillende klasse verkeersopsigters kan maak; en

(ii) hetsy in die algemeen of in die besonder, voorwaardes met betrekking tot die uitoefening of verrigting van sodanige bevoegdhede en pligte kan oplê.".

Wysiging van artikel 59A van Ordonnansie 30 van 1967, soos ingevoeg deur artikel 6 van Ordonnansie 16 van 1972.

2. (1) Artikel 59A van die Ordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) met ingang van die eerste dag van Augustus 1972 (in hierdie artikel die eerste datum genoem) in 'n identiteitsdokument vervat moet of kan wees en nie aldus vervat is nie, hou op om 'n geldige bestuurderslisensie te wees met ingang van 'n datum wat die Kabinet by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* vasstel (in hierdie artikel die tweede datum genoem); en".

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Julie 1982 in werking te getree het.

Vervanging van artikel 69 van Ordonnansie 30 van 1967, soos gewysig deur artikel 5 van Ordonnansie 2 van 1978.

3. Artikel 69 van die Ordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Bevoegdheid van Suid-Afrikaanse Vervoerdienste en Suidwes-Afrikaanse Polisie om 'n lisensie uit te reik wat die bestuur van 'n motorvoertuig magtig.

69. (1) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Hoofstuk vervat, kan aan iedereen wat in die diens van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika is as 'n werknemer van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste en aan iedere lid van die Suidwes-Afrikaanse Polisie, indien hy nie ingevolge artikel 61 onbevoeg is om 'n leerling- of bestuurderslisensie te verkry of te hou nie, en behoudens die bepalings van subartikel (2), deur die betrokke gesag van wie hy so 'n werknemer of lid is, 'n lisensie in die vorm en onderworpe aan die voorwaardes wat die Kabinet goedkeur, uitgereik word wat die bestuur van 'n motorvoertuig magtig.

(2) 'n Lisensie ingevolge subartikel (1) uitgereik gee aan die houer daarvan net die reg om 'n motorvoertuig te bestuur wat aan die betrokke gesag deur wie so 'n lisensie uitgereik is behoort of deur die betrokke gesag gehuur word, terwyl hy in die uitvoering van sy pligte ten behoewe van daardie gesag besig is.".

## ROAD TRAFFIC AMENDMENT ACT, 1985

Amendment of section 103 of Ordinance 30 of 1967, as amended by section 11 of Ordinance 18 of 1970 and section 2 of Ordinance 13 of 1976.

4. Section 103 of the Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

" (1) Unless an appropriate road traffic sign is displayed indicating a lower speed limit, every public road or section thereof outside an uban area, shall be subject to a general speed limit of -

(a) 120 kilometres per hour if it is a tarred road; and

(b) 100 kilometres per hour if it is not a tarred road,

in excess of which no person shall drive a vehicle on any such road or section thereof.".

Short title.

5. This Act shall be called the Road Traffic Amendment Act, 1985.

Wysiging van artikel 103 van Ordonnansie 30 van 1967 soos gewysig deur artikel 11 van Ordonnansie 18 van 1970 en artikel 2 van Ordonnansie 13 van 1976.

4. Artikel 103 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

" (1) Tensy 'n toepaslike padverkeersteken vertoon word wat 'n laer snelheidsgrens aandui, is elke openbare pad of gedeelte daarvan buite 'n stedelike gebied onderworpe aan 'n algemene snelheidsgrens van -

(a) 120 kilometer per uur indien dit 'n teerpad is; en

(b) 100 kilometer per uur indien dit nie 'n teerpad is nie,

en niemand mag 'n voertuig vinniger op enige sodanige pad of gedeelte daarvan bestuur nie.".

Kort titel.

5. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Padverkeer, 1985.